Scriptura 18 (1986), 1-21

# OP SOEK NA 'N GEMEENSKAPLIKE WAARDESISTEEM VIR SUID-AFRIKA

B C Lategan
Departement Bybelkunde
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch

ABSTRACT: In search of a common value system for South Africa

According to the 1985 HSRC Report on Intergroup Relations, 78% of all South Africans call themselves Christians. The Christian faith is therefore the biggest common denominator in the country, and could have potential in bringing people together.

The question is: can the Christian faith bridge the present divisions in a polarised society?

There seems to be broad agreement concerning basic values such as justice, love, truth, freedom, peace and hope. The critical issue is which actions are compatible with those values and which are not. It therefore becomes important to formulate these actions in the form of basic human rights.

In certain church circles the discussion of human rights has been neglected for too long on the mistaken assumption that human rights are a humanistic concept. The biblical understanding of man has an important contribution to make in this respect. Three basic aspects concerning his creation should be

taken into account: man as creature, as created in the image of God, and as the crown of creation (Ps 8).

The author defines basic human rights as man's responsibility before God, and the right as against other people, to develop and utilise the life and opportunities afforded him fully. This includes the right to be treated in a dignified manner, respect for the integrity of his person, and the right to such living space and maintenance so as to be able to lead a life of human dignity.

From this follow a number of other rights which may be classified under three headings, namely, the right to freedom, the right to equality, and the right to association and participation in processes of the community.

When one considers the present South African reality in the light of these rights, it is obvious that there are serious shortcomings. These rights are not only a criterion for the present, but a landmark for the future. They are indispensable to any future dispensation in South Africa, whatever its form. That is why it is so important that an open debate on these rights be conducted by all South Africans who have the interests of the country at heart.

* * *

**Inleiding**

Dit behoef feitlik geen betoog nie om te beweer dat Suid-Afrika hom tans in 'n fase van snelle maatskaplike en staatkundige verandering bevind. Mense sal verskil oor die omvang van hierdie verandering - of dit diepgaande is of oppervlakkig, of dit die samelewing wesenlik gaan beïnvloed en of

strukture basies dieselfde bly. Mense sal ook gemengde gevoelens oor hierdie veranderinge hê - sommige sal dit verwelkom en aandring dat dit nog vinniger geskied, ander sal dit vrees en met alle mag teenstaan. Wat ook al 'n mens se eie siening van hierdie sake mag wees, kan dit nie ontken word dat die huidige situasie die kwessie van basiese waardes skielik in die brandpunt geplaas het nie.

Sosiaal-wetenskaplikes wys reeds lank daarop dat die wyse waarop 'n samelewing opgebou en ingerig word, altyd op 'n sekere stel van basiese norme berus - of die lede van so 'n samelewing nou ook al bewus is van wat hierdie norme presies is of nie. Hierdie norme vorm as 't ware die spelreëls waarvolgens die samelewing funksioneer, wat sekere handelinge deur lede van die samelewing voorskryf, ander afkeur en nog ander verbied. Norme kan verskillende vorme aanneem en kan op meer as een vlak van die samelewing toegepas word. Die belangrike punt om in te sien is egter dat hierdie norme op hulle beurt weer berus op basiese **waardes**, dit wil sê wat as wenslik of as onwenslik beskou word in 'n bepaalde samelewing. En as ons die saak tot sy konsekwensie wil voer, sou ons kon sê dat hierdie waardes uiteindelik saamhang met ons siening van die werklikheid - of van wat ons meen die werklikheid behoort te wees.

Wanneer ons egter van waardes in die samelewing praat, gaan dit nie bloot om waardes wat enkelinge belangrik ag nie. Om enige impak op die samelewing te maak, moet sodanige waardes deur die meerderheid van lede van die samelewing of dan ten minste deur 'n beduidende groep van hulle onderskryf word. Dit is in hierdie verband dat die onlangse Ondersoek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing na Tussengroepverhoudinge belangrike gegewens na vore gebring het. Hierdie navorsingsprojek wat meer as vier jaar geduur het en waarvan die hoofverslag in Julie 1985 vrygestel is, is waarskynlik die mees omvattende wetenskaplike ondersoek na alle fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing wat nog tot dusver onderneem is. Uit die talle bevindinge en aanbevelinge van die verslag is daar veral twee wat vir ons onderwerp van belang is:

1. Eerstens toon die verslag baie duidelik aan dat die huidige proses van maatskaplike omwenteling in die land met 'n krisis van waardes gepaard gaan. Op alle vlakke neem die polarisasie onder en tussen mense toe. Die botsing tussen

mense en groepe van mense word veral veroorsaak deur die verskil in verwagtings wat mense het van die staatkundige, die politieke en die ekonomiese bestel. Mense verskil oor wat hulle as die minimumvoorwaardes vir 'n beskaafde samelewing beskou, oor watter politieke ideale en watter ekonomiese doelwitte hulle vir die toekoms stel, oor wat hulle as onderhandelbaar en as ononderhandelbaar verstaan. 'n Mens sou ook kon sê dat hierdie verskille uiteindelik berus op die feit dat mense die werklikheid in die land verskillend ervaar, as 't ware in twee wêrelde leef en ook 'n heel ander voorstelling van die toekoms het. Hierdie ervaring van die werklikheid hang natuurlik ten nouste saam met die waardes wat elkeen as belangrik of onontbeerlik beskou.

Die resultate van die RGN-ondersoek bring egter nie alleen 'n toenemende polarisasie aan die lig nie, maar wys ook op 'n groot gaping tussen die grondslag waarop die Suid-Afrikaanse samelewing veronderstel was om ingerig te wees en die werklikheid soos dit mettertyd ontwikkel het. Die gedagte dat die bevolking op die grondslag van ras geklassifiseer en georden kan word, is op 'n sekere tyd van ons geskiedenis as wenslik en as prakties uitvoerbaar beskou. Vir byna veertig jaar was dit die basis waarop die hele samelewing ingerig is, wat deur wetgewing afgedwing en in die regstelsel vasgelê is. Hierdie basis word tans egter fundamenteel bevraagteken, nie alleen om praktiese en ekonomiese redes nie, maar veral vanweë die etiese en teologiese regverdiging daarvan. Die RGN-hoofverslag se belangrikste bevinding is dan ook dat die indeling van mense op die grondslag van ras of kleur nie meer in staat is om die Suid-Afrikaanse werklikheid effektief te hanteer nie, en stel voor dat die beginsel van vrye assosiasie as uitgangspunt geneem word. Daardeur ontken die verslag geensins die bestaan van groepe in die land nie, of dit nou taal-, kultuur- of ander groepe is en wil dit ook nie beweer dat groepe nog steeds 'n belangrike rol in enige nuwe bestel sal speel nie. Wat die verslag wel voorstel, is dat hierdie groepvorming op vrye assosiasie moet berus, op mense se eie keuse en oortuiging en nie op grond van ras of kleur wat dan wetlik afgedwing word nie. Ons sal nie op hierdie punt verder op die meriete van die RGN-voorstelle ingaan nie. Vir ons tema is dit egter van belang om daarop te let dat die keuse hoe die samelewing ingerig moet word, uiteindelik berus op sekere basiese beginsels, op sekere etiese of teologiese waardes. Wanneer daar fundamentele veranderinge in 'n land moet plaasvind, is dit onvermydelik dat hierdie waardes ook weer na die oppervlakte kom en hul in die brandpunt van die debat bevind.

2. Die tweede belangrike bevinding van die RGN-ondersoek wat vir ons doel van besondere betekenis is, is dat ten spyte van 'n groot aantal faktore wat tussengroepverhoudinge negatief beïnvloed en die spanning en polarisasie in die land verskerp, daar nogtans 'n paar belangrike saambindende kragte aan te wys is. Hiervan sou ons spesifieke voorbeelde kon noem, byvoorbeeld:

* Gemeenskaplike ervaring van en weerstand teen enige vorm van kolonialisering

* Insluiting en deelname in dieselfde ekonomiese sisteme

* Wydverspreide besef van wedersydse ekonomiese afhanklikheid

* Redelik gemeenskaplikheid in taalgebruik

* Voldoende geografiese ruimte en hulpbronne om vir elkeen 'n billike bestaan moontlik te maak

* Betreklik gesofistikeerde ontwikkelingsinfrastrukture in die openbare en private sektor

* 'n Betreklik algemene verwerping van geweld as metode om geskille te besleg

(RGN-hoofverslag, p 167)

Naas hierdie algemene faktore, is dit opvallend dat godsdiens een van die belangrikste potensiële saambindende magte is. Trouens, dit is die grootste enkele gemeenskaplike faktor tussen Suid-Afrikaners. 78% van alle inwoners van die land beskou hulself as Christene. Natuurlik sê hierdie statistiek niks oor hoe ernstig mense oor hulle godsdienstige oortuigings voel en hoe konsekwent hulle dit uitlewe nie. Nogtans bly dit 'n opvallende feit dat geen ander faktor op so 'n wye steun onder so 'n groot deel van die bevolking kan aanspraak maak nie. Met reg kan dus van godsdiens verwag word om 'n deurslaggewende rol te speel by die vestiging en handhawing van basiese waardes in Suid-Afrika. Dit te meer omdat godsdiens met ewige, blywende waardes te doen het wat die aanspraak het dat dit vir alle tye en vir alle omstandighede geld. Die kritiese vraag is nou: is dit inderdaad wat godsdiens doen in die huidige omstandighede? Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, moet ons weer eens terugkeer na die bevindinge van die RGN-ondersoek, hierdie keer van die subverslag oor godsdiens.

**Godsdiens: 'n saambindende of verdelende mag?**

Omdat die RGN-ondersoek die terrein van die godsdiens as van soveel belang beskou het, is 'n eie werkkomitee hiervoor aangewys wat dan ook 'n afsonderlike subverslag die lig laat sien het. Uit die gegewens wat hier versamel is, het nie alleen 'n duidelike prentjie van die verspreiding van alle godsdienste in die land na vore gekom nie (vgl religie-verslag, hfst 2), maar ook die sterk oorheersende posisie van die Christelike geloof, waarna reeds hierbo verwys is. Daarnaas was daar egter ook die onontwykbare bevinding dat godsdiens (anders as wat normaalweg verwag sou word), nie 'n saambindende, maar 'n sterk verdelende invloed uitoefen. Hiermee word nie die verdeling en antipatie wat tussen verskillende godsdienste kan bestaan, bedoel nie, maar polarisasie wat binne die Christendom en selfs binne dieselfde kerkgenootskap aan die ontwikkel is.

Ons kan hier nie uitvoerig op die aard van hierdie verdeling ingaan nie. Nogtans is dit belangrik om te besef dat dit op verskillende vlakke voorkom en daarom word dit hier net kortliks aangestip. (Vgl die RGN-hoofverslag, pp 68-76 vir 'n meer uitvoerige uiteensetting.)

In die eerste plek ontstaan spanning as gevolg van die verskillende verwagtinge wat van die rol van godsdiens daarop nagehou word. Vir sommige verteenwoordig godsdiens onveranderlike, ewige waardes wat per definisie moet meewerk om die status quo ongeskonde te bewaar. Ander sien in godsdiens by uitstek 'n mag wat in staat is om sowel individue as die samelewing fundamenteel te verander, en verwag daarom dat godsdiens 'n aktiewe bydrae tot die proses van sosiale omwenteling moet lewer.

Tweedens is daar duidelik 'n mate van ambivalensie wat persoonlike en gemeenskapsbehoeftes betref. Empiriese navorsing toon aan dat vir groot dele van die bevolking godsdiens grotendeels of uitsluitlik op die bevrediging van persoonlike behoeftes ingestel is. Die sosiale betrokkenheid van individuele gelowiges en kerke het eers in die afgelope dekade al meer op die voorgrond getree, met die gevolg dat ernstige spanning ontstaan het tussen kerke en ook binne dieselfde geloofsgemeenskappe oor die mate wat godsdiens betrokke moet

wees by aangeleenthede wat verder as die streng persoonlike sfeer strek.

Die grootste konflikpotensiaal is egter te vind daar waar 'n koppeling tussen religieuse waardes en groepsbelange voorkom. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis lewer verskeie voorbeelde van sodanige alliansies, waar teologiese regverdiging vir die belange van die groep of die saak waarvoor gestry word aan die orde van die dag is. Wat die saak so kompleks maak, is dat daar tussen die legitieme solidariteit met die mens in nood, die vereenselwiging met die onderdrukte en miskende wat so 'n sterk dimensie van die Christelike geloof uitmaak en die ontoelaatbare opeis en anneksering van godsdiens vir die eie saak, nie altyd 'n duidelike skeidslyn aan te toon is nie.

'n Uiterste voorbeeld van polarisasie geld houdings ten opsigte van die gebruik van geweld. Hoewel daar onder religieuse groepe pasifistiese tendense voorkom, blyk dit dat baie, naamlik 45% van swart Christene geweld nie as onversoenbaar met hul godsdienstige opvattings beskou nie. Die onlangse Kairos-dokument, wat die polarisasie op godsdienstige terrein op 'n dramatiese wyse illustreer, opper selfs die moontlikheid dat geweld in sekere omstandighede 'n verantwoordelikheid van die gelowige kan word.

**Kan die Christelike godsdiens wel 'n samebindende rol in die huidige gepolariseerde konteks speel?**

In die lig van hierdie versoberende bevindinge word dit 'n ernstige vraag of die Christelike godsdiens tog wel die moontlikheid in homself dra om die huidige verdelinge te oorbrug en op een of ander wyse weer 'n gemeenskaplike basis vir gelowiges in hierdie land te bied. Dat hierdie vraag nie met 'n maklike "ja" beantwoord kan word nie, het uit die voorafgaande reeds duidelik geword. In werklikheid word die kerk en alle gelowiges daartoe gedwing om vir hulself opnuut rekenskap te gee van wat werklik die kern van die Christelike geloof is, wat die basiese waardes is waaraan almal hul gebonde ag.

**Basiese Christelike waardes**

'n Aansienlike lys van temas sou in hierdie verband saamgestel kon word. Hier word ter illustrasie sommige van die mees prominente genoem:

**Geregtigheid** - die gedagte dat die geregtigheid van die koninkryk eerste gesoek sal word, dat die reg van God gehandhaaf sal word, wat beteken dat sy wil gesoek sal word, maar ook dat reg sal geskied in elke situasie en teenoor elke mens;

**Liefde** - dit wat die basis vorm van die verhouding tussen God en mens, wat die motivering agter God se handele met die mens is en daarom ook die grondslag behoort te wees van die gelowige se verhouding tot sy naaste. Trouens, met die groot nadruk wat die Christelike geloof op die naasteliefde lê, word 'n besondere aksent in menseverhoudinge ingedra wat nie noodwendig op ander terreine geld nie. Van die gelowige word nie alleen verwag om reg teenoor sy naaste te laat geskied nie, maar ook om hom lief te hê.

**Barmhartigheid** - wat nou by die voorafgaande aansluit. Dit sou beskryf kon word as die wyse waarop die liefde konkreet tot uitdrukking kom. Die toepassing van die reg is vir die gelowige nie alleen 'n formele saak wat deur wette en bepalings gereël kan word nie, maar hang ten nouste saam met die gesindheid waarin dit geskied en die doel waarmee dit gedoen word, naamlik om die heil van die naaste te dien.

**Waarheid** - hierdie begrip wat al meer die betekenis ontwikkel het van dit wat objektief getoets, geverifieer kan word, is in Bybelse taal iets veel meer persoonliks en omvattend. Dit dui op standvastigheid en betroubaarheid, op egtheid, opregtheid en eerlikheid, op persoonlike integriteit en eerbaarheid.

**Vryheid** - in die eerste plek vrymaking van die mag van sonde, maar ook vryheid om die wil van God te soek en om die moontlikhede wat God aan die mens gegee het, ten volle te ontwikkel en ontplooi. Dit beteken

ook vryheid van alles wat hierdie ontplooiing teenwerk of verhinder en in ons tyd het dit 'n besonder skerp politieke konnotasie ontwikkel.

**Vrede** - 'n begrip wat in algemene gebruik mettertyd 'n verskeidenheid van bybetekenisse ontwikkel het en in sommige kringe selfs in onguns verval het. In Bybelse verband is dit 'n omvattende begrip wat ten nouste met geregtigheid, trou en liefde saamhang. Die Bybel waarsku juis teen 'n valse vrede waar daar geen geregtigheid is nie en bedoel met hierdie term die algemene en totale welsyn van die mens binne die gemeenskap waarin hy lewe (Du Toit 1984:123).

**Hoop** - nog 'n begrip wat vanuit die Christelike geloof 'n besondere en unieke vulling ontvang. Daarin lê nie alleen vervat die vaste oortuiging dat God in beheer bly van die wêreldgeskiedenis nie, maar ook 'n kragtige motivering om hierdie bedeling so in te rig dat dit in ooreenstemming met Gods bedoeling met sy skepping is.

**Kan met abstrakte waardes volstaan word?**

Die lysie van basiese waardes sou nog veel langer gemaak kon word. Vir ons doel is die bostaande egter genoeg om duidelik te maak wat met 'n inset van Christelike kant bedoel word. Terselfdertyd vestig hierdie lys egter die aandag op 'n verdere probleem. Dit is een ding om hierdie waardes te onderskryf, maar dit is heeltemal iets anders om hulle in 'n samelewing te implementeer en om sorg te dra dat hulle nageleef word. Die oorgang van abstrakte waardes na konkrete maatreëls stel die voorstander van sulke waardes voor 'n groot uitdaging. Om dit in die samelewing effektief te laat geld, is verskeie tussenstappe nodig. Hoe kan mens in elk geval gesindhede reglementeer of wetlik beheer? Die eerste stap om hierdie waardes dus bruikbaar en prakties betekenisvol vir die samelewing te maak, is om veel meer konkreet uit te spel watter soort handelinge deur hierdie waardes toegelaat en voorgeskryf word en watter nie. Dit is in hierdie verband dat menseregte 'n belangrike toetssteen geword het vir die beoordeling van die toepasbaarheid van algemene waardes.

**Is menseregte 'n Christelike konsep?**

Vreemd genoeg, vind gelowiges dit dikwels moeilik om menseregte en geloofswaardes met mekaar in verband te bring. Vir baie is menseregte 'n begrip wat humanisties van oorsprong is en in elk geval buite die kerk om ontwikkel het. Histories is dit ongetwyfeld so dat menseregte sy sterkste impulse nie vanuit die kerk ontvang het nie, maar eerder as 'n sekulêre beweging opgang gemaak het en uiteindelik as 'n soort wêreld-etos en wêreld-credo sigself gevestig het. (Vgl Du Toit 1984:20-32 vir 'n meer uitvoerige beskrywing van hierdie ontwikkeling.) Die feit dat menseregte 'n alomvattende saak is met staatkundige, juridiese, sosiale en ekonomiese dimensies, neem egter niks weg daarvan dat dit ten diepste 'n morele en daarom by uitstek 'n teologiese aangeleentheid is nie. Wat die regte van die mens is (indien hy of sy op so iets aanspraak sou kon maak), hang af van wat die mens self is. Oor hierdie saak kan en moet vanuit teologiese perspektief iets gesê word.

**'n Bybelse siening van die mens**

Die weerstand teen die begrip "menseregte" wat dikwels in geloofskringe voorkom, hang saam met die intuïtiewe aanvoeling dat hiermee die fokus van God na die mens verskuif word en dat die mens nou in die middelpunt van belangstelling te staan kom. Dit is daarom belangrik om te besef dat vanuit 'n teologiese perspektief nooit anders oor die mens gedink of gepraat kan word nie as in sy verhouding tot God. Die mens kan in hierdie sin nooit verstaan word as 'n opponent of mededinger van God nie (al gedra die mens hom in praktyk inderdaad so) - sy "waardigheid" of "regte" kan alleen berus op die waardigheid wat hy voor God het (Du Toit 1984:128). Dit gaan nie om 'n status wat die mens in eie reg ten spyte van God besit nie, maar 'n posisie wat hy **by grasie van** God beklee. Maar juis omdat dit gaan om die waarde wat die mens in die oë van God het, is die respektering en bewaring van hierdie waardigheid nie 'n willekeurige saak nie. Dit verleen inderdaad 'n dimensie van onaantasbaarheid aan die mens.

Vir die verstaan van die Bybelse siening van die mens, is veral drie aspekte van sy geskapenheid van belang, naamlik

die mens as skepsel, as geskape na die beeld van God en as kroon van die skepping.

Die aanduiding van die mens as skepsel beteken in die eerste plek dat sy afhanklikheid van God daardeur as basiese voorveronderstelling van sy bestaan erken word. God skenk die lewe, maak die lewe moontlik, onderhou die lewe. Om hierdie rede moet die lewe en daarom ook die mens met eerbied benader word. Maar die lewe is nie alleen 'n gawe van God nie - dit kan slegs in verhouding tot God gedink en gerealiseer word. Die verset teen God is dus vanuit hierdie perspektief iets "onnatuurliks." Terselfdertyd beteken die geskapenheid van die mens nie dat hy 'n onbedoelde toevoeging, 'n ongewenste element, 'n "Fremdkörper" in die wêreld is nie, maar dat hy van God gewil is, dat hy met 'n bepaalde doel hier geplaas is en dat hy daarom met sekere verantwoordelikhede teenoor God en die wêreld beklee is.

Die besondere posisie van die mens word verder omskryf met die diepsinnige en raaiselagtige frase dat hy "na die beeld van God" geskape is. Die volle omvang van hierdie frase is moeilik te peil. In elk geval dui dit op 'n vorm van analogie tussen God en mens. God en mens staan nie in terme van die bedoeling van die skepping teenoor mekaar nie, maar is op 'n positiewe, konstruktiewe wyse op mekaar aangelê. Daardeur word nie alleen die mens se wesensbetrokkenheid by en lewensverbondenheid aan God uitgedruk nie, maar ook die grondslag van die besondere "status" of "waardigheid" van die mens aangedui. Omdat die mens op een of ander wyse die beeld van God reflekteer, laat hy iets van God sigbaar word, is hy in 'n sekere sin 'n verteenwoordiger van God. Maar dit beteken ook dat die mens as persoon oor 'n onskendbare integriteit beskik waarvoor God self instaan (Du Toit 1984:129). Hierdie integriteit moet eerbiedig word, omdat die skending daarvan uiteindelik 'n aantasting van God self impliseer. (Vir soverre julle dit aan een van die geringes gedoen het, het julle dit aan My gedoen ... Waar het ons u honger en naak en dors gesien?)

Respek vir die integriteit van die mens beteken erkenning van die mens se vryheid om beslissings te neem en verantwoordelikheid te aanvaar. Dit sluit daarom die risiko in dat die mens verkeerde beslissings kan neem, dat hy selfs die geloof kan afwys en hom teen God kan keer. Maar die ont-

neem van hierdie vryheid beteken die aantasting van die persoon-wees van die mens.

Die geskapenheid na die beeld van God dui op 'n ander belangrike element van die Bybelse siening van die mens, naamlik die gelykwaardigheid van alle mense voor God. In soverre alle mense hierdie skeppingsattribuut ontvang, staan hulle op gelyke voet voor God, voor wie daar geen aanneming van die persoon is nie. In die ontwikkeling van die menseregte-debat het die gelykheid van die mens meestal sy religieuse dimensie verloor en het dit al meer 'n aanduiding van die outonomie en eie gesag van die mens geword. Dit is daarom belangrik dat die Bybelse siening van gelykheid herwin word, omdat dit die grondslag vorm vir beginsels soos gelykheid voor die reg en die gelyke toegang tot geleenthede. Die gelykheid voor God, dit wil sê die gelyke toegang tot sy genade, liefde en verlossing beteken geensins die ontkenning van verskille tussen mense nie, nog minder die ignorering van variasie in aanleg, vermoëns en prestasie. Die beginsel van gelykheid kan nie gebou word op die vermeende (maar nie bestaande) enersheid van alle mense of die gelykheid van mense aan mekaar nie. Gelykheid kan alleen gemeet word in terme van 'n absolute en 'n aan sigself gelykblywende maatstaf. In hierdie geval verteenwoodig God so 'n maatstaf. In vergelyking met God is alle mense gelyk, is almal sondaars, is almal voorwerp van sy liefde, het almal toegang tot sy genade. Op dieselfde wyse moet mense op gelyke wyse voor die reg behandel word, moet hulle gelyke toegang tot geleenthede hê, sonder dat daarmee gelyke gebruikmaking van hierdie geleenthede veronderstel word of dat die resultaat wat bereik word, dieselfde sal wees of dieselfde moet wees.

Die geskapenheid na die beeld van God beteken verder dat daar kommunikasie tussen God en mens moontlik is, dat daar 'n verstandhouding (hetsy positief, hetsy negatief) tussen hulle geïmpliseer word (Du Toit 1984:130). Maar omdat alle mense beelddraers van God is, is dieselfde moontlikheid van kommunikasie en begrip ook tussen mens en mens gegee. Die gelowige sal daarom menseverhoudinge altyd met die positiewe verwagting benader dat 'n goeie verstandhouding tussen mense wel moontlik is, eerder as dat hy dit met sinisme doen wat die ergste verwag en alleen met so 'n moontlikheid rekening hou.

Die Bybel praat egter nie net van die geskapenheid van die mens en sy gerigtheid op God van wie hy die beelddraer is nie. Die mens word nog veel hoër aangeslaan en besondere verwagtinge word van hom gekoester. In 'n gedeelte soos Psalm 8 word eers die grootsheid van die skepping in die natuur besing om dan die vergelyking na 'n veel hoër vlak te verskuif. As heerser oor hierdie natuur het God die mens gestel en alles aan hom onderwerp. Met aansien en eer is die mens gekroon - skaars onderskeibaar van 'n hemelse wese. Hier word die mens op die asemrowende hoogtes van sy moontlikhede geskets. Hieruit blyk die besonder hoë waarde wat God aan die mens toeken as deel van en eintlik bo die res van die skepping. Hierdie uitspraak word getemper deur die kommentaar van Hebreërs 2:8 waar met nugtere realisme daarop gewys word dat die mens nog nie aan hierdie hooggestemde verwagtinge voldoen het nie. Die beperktheid en onvermoë van die mens om aan sy eintlike roeping te voldoen, kanselleer dit egter nie, maar maak die najaag daarvan net meer dringend. Daarom is die ontwikkeling van die mens, die aanvaarding van sy verantwoordelikhede, die realisering van sy potensiaal, die uitskuiwe van die grense van sy kennis en moontlikhede nie oortollige luukshede, 'n utopiese droom of egoïstiese grootheidswaan nie. Vanuit 'n nugtere Bybelse perspektief gesien is dit ten spyte van al die struikelblokke wat in die weg daarvan lê, die onontwykbare en onopgeefbare skeppingsopdrag aan die mens waaraan hy, wil hy regtig mens wees, getrou moet bly. Vir die waardering van die mens is hierdie siening egter van deurslaggewende belang. Vertaal in die sleutel van menseregte, sou dit beteken dat aan elke mens die reg gegun word om sy Godgegewe moontlikhede tot die optimum te ontwikkel en dat alle ontersaaklike verhindering wat hierdie ontwikkeling dwarsboom of belemmer, uit die weg geruim sal moet word. Wat byvoorbeeld die terrein van onderwys betref, sal dit beteken dat elkeen gelyke toegang tot onderwys- en opleidingsgeleenthede moet hê. Dit beteken terselfdertyd dat die basiese motivering vir die benutting van hierdie geleenthede ook van hierdie skeppingsopdrag kom en dat die mens die verpligting het om dit tot die optimum in 'n bepaalde situasie te realiseer.

**Regte, voorregte of verantwoordelikhede?**

Uit die aanstip van elke faset van die Bybelse siening van die mens, het reeds duidelik geword watter implikasies dit vir die praktiese implementering van menseregte het. 'n Vraag wat dikwels in hierdie verband opduik, is of die mens werklik

op enige **regte** kan aanspraak maak. Is dit nie so dat hy alleen maar op genade kan hoop nie? Dit is ongetwyfeld so dat die gelowige met die werklikheid van die sonde en die sondige natuur van die mens rekening moet hou. Verder is dit ook so dat alles wat die mens is en het, van God af kom - die gawe van die lewe, die moontlikhede van groei en ontwikkeling, die roeping om as kroon van die skepping op te tree. Die mens het dus geen regte wat hy kan opeis of waarop hy voor God kan staan nie. Maar hy het wel regte wat hy in opdrag van God moet beskerm, waarvoor hy in die bresse moet tree teenoor en ten behoewe van ander. Bybels gesien, kan regte en voorregte dus nie teenoor mekaar uitgespeel word nie. Hulle vul mekaar eerder aan. Ook kanselleer die werklikheid van die sonde nie die verantwoordelikheid van die mens teenoor sy Skepper en sy skepping nie, en hef die sonde ook nie die oorspronklike skeppingbedoeling van God met die mens op nie. Die herskepping het juis ten doel om die oorspronklike bedoeling met die skepping te vervul, ja, dit selfs te oortref en daarom die regte wat God aan die mens toegeken het, te handhaaf.

Wat wel belangrik is, is dat daar nooit van regte sonder verantwoordelikhede sprake kan wees nie. Die aanspraak op enige regte van die mens veronderstel terselfdertyd die verantwoordelikheid om dieselfde regte ten opsigte van ander te respekteer, te beskerm en te bevorder. Die bevordering van die regte en belange van een individu of groep kan dus nie ten koste van die regte en belange van 'n ander groep geskied nie. Die grense van die vryheid van die enkeling is daar waar dit die vryheid van die ander bedreig of ontneem. Wie regte eis, verklaar homself ook bereid om in die bresse te tree vir die regte van ander.

**Kan Christelike waardes op 'n plurale godsdienstige gemeenskap afgedwing word?**

Wat tot dusver oor waardes en menseregte gesê is, was doelbewus vanuit 'n teologiese en meer spesifiek Bybelse perspektief. Kan wat in die geloofsverband geld ook op die breë samelewing oorgedra word, en kan verwag word van diegene wat nie tot die Christelike geloof behoort nie om hulle na hierdie siening te skik, al sou dit ook so wees dat die meerderheid van die bevolking Christelik is? Met hierdie vraag raak ons aan die hele kwessie van die sogenaamde

Christelike staat, waarop ons nie hier uitvoering kan ingaan nie. Die implementering van staatkundige en openbare maatreëls is die taak van die owerheid. Die kerk kan sekerlik nie aan die owerheid voorskryf wat om te doen nie - die kerk kan wel teenoor die staat getuig. Maar as die kerk binne eie kring moontlikhede van menslike verhoudinge ontdek en dit proefondervindelik toegepas het, as die geloofsgemeenskap 'n siening oor die mens ontwikkel het wat 'n nuwe perspektief op die waarde en regte van die mens open, het die gelowige nie alleen die reg, maar ook die plig om dit wyer bekend te maak, dit aan ander deur te gee en op die uitlewing daarvan aan te dring. Dit doen die geloofsgemeenskap nie deur dwang nie, maar deur oorreding, of die ander nou sy geloofsuitgangspunt deel of nie - en in die wete dat die geslaagdheid van hierdie poging tot oorreding tot 'n groot mate bepaal sal word deur die wyse waarop hierdie regte in eie geledere toegepas word.

Teen hierdie agtergrond en in hierdie gesindheid is dit dus nodig om nou meer spesifiek uit te spel wat hierdie geloofswaardes in die werklike praktyk beteken en hoe 'n verklaring van menseregte in concreto daar sou kon uitsien.

## BASIESE MENSEREGTE

Uit eerbied vir die lewe self en vir die talryke geleenthede wat God aan die mens gee vir die benutting van en sorg vir die skepping, het elke mens die verantwoordelikheid voor God en die reg teenoor ander mense om die lewe en die geleenthede wat aan hom toevertrou is, ten volle te benut en te ontplooi. Dit beteken verder die reg op menswaardige behandeling en eerbied vir die integriteit van sy persoon en die reg op sodanige lewensruimte en lewensonderhoud om 'n menswaardige lewe te kan lei.

Die voorafgaande sou as die mees basiese reg van die mens beskryf kon word. Daaruit vloei 'n hele reeks van ander regte voort, wat onder drie hoofde ingedeel kon word, naamlik die reg op vryheid, die reg op gelykheid en die reg op assosiasie en deelname aan gemeenskapsprosesse. Van elk van hierdie drie word vervolgens 'n kort tipering gegee.

**Die reg op vryheid**

God bied vir elke mens ruimte om, gegewe sy eie besondere vermoëns, aanleg en talente, sy moontlikhede ten volle te ontplooi. Daarom het elkeen 'n basiese reg op vryheid - 'n vryheid wat nie op grond van oorweging van geloof, ras, kleur, geslag of herkoms beperk mag word nie, maar alleen deur die eerbiediging van die soortgelyke reg van andere.

Meer spesifiek uitgespel, het die mens die reg

- op vryheid van geloof en van gewete;
- om verantwoordelikheid te aanvaar en beslissings te neem;
- om die geleentheid gebied te word om sy volle potensiaal ooreenkomstig sy besondere aanleg en met 'n verantwoordelike gebruik van beskikbare hulpbronne en -middele te ontgin;
- op vryheid van toegang tot die regsproses en op menswaardige behandeling deur regstoepassers en regsprekers;
- op vryheid van beweging en in die besonder die reg om nie sonder 'n behoorlike regsproses in die gemelde vryheid gekortwiek te word nie;
- om vryelik aan politieke prosesse deel te neem, om politieke standpunte uit kragte van eie grondoortuigings te formuleer en om ongehinderd aan die bedrywighede van die politieke party of organisasie van eie keuse deel te neem;
- op vryheid van spraak - waarby vryheid van die pers en ander media inbegryp is - en in die besonder vryheid van kritiek;
- op vryheid van keuse van werkplek en van woonplek vir homself en/of sy gesin;
- op vrye deelname aan die ekonomiese lewe en, in die besonder,
- om lewensonderhoud te verdien en nie gedwing te word om onder mensonwaardige omstandighede te werk nie,

en

- om na vrye keuse en ooreenkomstig eie, besondere finansiële vermoë, eienaar van roerende en onroerende goed te word;

- om nie sonder 'n behoorlike regsproses enige inbreuk op sy vermoënsregte te duld nie;

- op 'n behoorlike opvoeding tot vrye verantwoordelikheid - en in die besonder op onderwys wat aan die behoorlike ontwikkeling van elkeen se unieke persoonlikheid en besondere potensiaal reg laat geskied - en om in die taal en aan die inrigting(s) van eie keuse onderrig te ontvang;

- om sy eie kultuur uit te leef en uit te bou, sy eie kultuurerfenis te bewaar en die taal van sy keuse vryelik te skryf en te praat, en

- om na eie keuse met andere te assosieer.

**Die reg op gelykheid**

Omdat alle mense na die beeld van God geskape is en daar by God geen aanneming van die persoon is nie, bestaan daar 'n primêre gelykheid tussen mense, wat hoegenaamd nie deur verskille in geloof, ras, kleur, geslag of herkoms aangetas word nie en wat inhou dat hulle almal in beginsel aanspraak op gelyke behandeling en gelyke toegang tot gelyke geleenthede het. In die besonder het alle mense die reg

- op gelyke behandeling voor en beskerming deur die reg, insluitend wetgewing;

- op 'n billike verhoor voor 'n onafhanklike regbank wanneer oordele wat hulle regte en verpligtinge raak, gevel moet word;

- op gelyke deelname aan en toegang tot die politieke proses en politieke ampte;

- op gelyke toegang tot kanale vir ordelike protes en verset;

- op gelyke toegang tot die hulpbronne van 'n land en

op so 'n billike aandeel in die opbrengs van die land soos wat vir 'n menswaardige lewe nodig is;

- op gelyke toegang tot werkgeleenthede, om posisies waarvoor hulle bekwaam is te beklee en om op gelyke voet met andere vir aanstelling in hierdie posisies mee te ding;

- op gelyke besoldiging vir dieselfde werk (in die geval van werknemers) en op billike prestasie vir billike vergoeding (in die geval van werkgewers), en

- op gelyke geleenthede om hulle volle potensiaal deur middel van onderwys en opleiding te help ontgin asook op 'n gelyke verdeling van kragte en middele in die onderwys - veral diè wat deur die staatsowerheid voorsien word.

**Die reg op assosiasie en deelname aan gemeenskapsprosesse**

Omdat dit nie goed is dat die mens alleen bly nie, het God hom in 'n ruim mate vir sy voortbestaan en algemene welstand op andere aangewys. Gevolglik is die mens per definisie 'n gemeenskapswese en beoefen hy sy regte in gemeenskap met ander. Dit beteken, aan die een kant, dat elkeen die reg het om deur vrye assosiasie by die daarstel en instandhouding van samelewingsinstellings en -verhoudinge betrokke te wees en, aan die ander kant, dat elke mens die reg het om deel te neem aan alle samelewingsprosesse wat hom raak. In die besonder behels dit alles vir die individuele mens die reg

- op deelname aan die sosiale prosesse en inspraak in besluitneming in elke samelewingsinstelling waarvan hy lid is;

- op besondere beskerming van sy regte in 'n gemeenskap waar hy om die een of ander rede in 'n ongunstige posisie - en insonderheid lid van 'n minderheidsgroep - is;

- om vryelik met mense wat sy geloofs- en gewetensoortuigings deel te assosieer en in gemeenskap met hulle hierdie oortuigings uit te leef;

- om stiptelike nakoming van afsprake waarin gemeen-

skapsbelang ter wille van die meerdere heil en welsyn van alle lede van die betrokke gemeenskap vooropgestel word, te vereis;

- op gesinsvorming en die erkenning van die integriteit van die gesinslewe;
- om vryelik aan politieke partyvorming deel te neem en aldus om die verkryging van politieke seggenskap mee te ding;
- op daadwerklike deelname aan die vorming en organisasie van ekonomiese belangegroepe, insonderheid in arbeidsverband, en om kollektief te beding;
- om na vrye keuse in skool- en breëre opvoedkundige verband met andere te assosieer en om 'n vrye keuse van toegang tot opvoedkundige inrigtings te hê, en
- om vryelik met taal- en kultuurgenote te kan assosieer maar ook om ter wille van interkulturele kontak die voormelde grense ongehinderd te kan oorsteek.

**Ten besluite**

Wanneer die huidige Suid-Afrikaanse werklikheid aan hierdie regte getoets word, is dit duidelik dat daar ernstige tekortkomings is. Die feit dat baie ander lande ook geen onberispelike rekord in hierdie verband het nie, neem nogtans nie die verantwoordelikheid van ons weg om ons te beywer vir die eerbiediging van hierdie regte nie. Laasgenoemde bied egter nie alleen 'n kriterium vir die beoordeling van die hede nie, maar ook bakens vir die toekoms. Dit gaan hier om waardes wat onontbeerlik vir **enige** toekomstige bestel in Suid-Afrika is - watter spesifieke vorm dit ook al mag aanneem - as hierdie toekoms ten minste die geluk, veiligheid en voorspoed van alle inwoners van die land op die oog het. Daarom is dit so belangrik dat 'n openhartige gesprek oor hierdie waardes sal begin tussen alle welmenende Suid-Afrikaners. Dit is tot hierdie gesprek wat ons simposium 'n beskeie bydrae wil lewer.

## LITERATUUR

Crafford, D 1985. Pluralisme as religieuse verskynsel: Die onafhanklike Swart kerke en bewegings in Suid-Afrika en groepsverhoudinge. (Navorsingsverslag vir die RGN Ondersoek na Tussengroepverhoudinge: Religie.)

Cumpsty, J S & Hofmeyr, J H 1985. The role of religion in motivating or inhibiting socio-political action in the lower socio-economic group and ensuing counter influences upon the religious group. (Research report for the HSRC Investigation into Intergroup Relations: Religion.)

Du Toit, D A 1985. Menseregte: 'n empiriese en teoretiese ondersoek vanuit teologies-etiese perspektief. (Navorsingsverslag vir die RGN Ondersoek na Tussengroepverhoudinge: Religie.)

Kritzinger, J J 1985. 'n Statistiese beskrywing van die godsdienstige verspreiding van die bevolking van Suid-Afrika. (Navorsingsverslag vir die RGN Ondersoek na Tussengroepverhoudinge: Religie.)

Müller, B A 1985. 'n Ondersoek na die uitsprake in verband met tussengroepverhoudinge soos dit voorkom in gepubliseerde preke en inleidingsartikels van kerklike blaaie 1974-1984. (Navorsingsverslag vir die RGN Ondersoek na Tussengroepverhoudinge: Religie.)

Oosthuizen, G C 1985a. Religion and inter- and extragroup relations in a pluralistic religious context of a South African city. (Research project for the HSRC Investigation into Intergroup Relations: Religion.)

Oosthuizen, G C, Coetzee, J K, De Gruchy, J W, Hofmeyr, J H, Lategan, B C 1985b. Religion, intergroup relations and social change in South Africa. Pretoria: HSRC.

RGN-hoofkomitee 1985: Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede. Pretoria: RGN. (English translation: The South African society: realities and future prospects.)